SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting



1. **Naam en van:** Zena le Roux

2. **Universiteit:** NWU

Meesters: ✓ **Doktoraal:** **Postdok:**

3. **Studierigting:** Afrikaans en Nederlands

4. **Titel van proefskrif of Verhandeling:** Narratiewe empatie en die skryf van 'n novelle

5. **Datum van afhandeling:** Nov 2016 **Uitslag:** Slaag – 71%

6. **Indien u studie nog nie afgehandel is nie op watter datum beplan u om klaar te wees:**

7. **Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.**

In hierdie praktykgebaseerde studie word gepoog om die konsep empatie te ondersoek, volgens goeie skryfkunsbeginsels en psigologiese insigte, sodat ’n eie novelle geskryf kan word waarin empatie effektief bewerkstellig word. Die teoretiese en praktiese gedeeltes van hierdie studie staan nie in ’n liniêre verband tot mekaar nie, want die skryf van die novelle vorm deel van die ondersoek na wat empatie behels. Sowel die teoretiese verkenning as die proefondervindelike kreatiewe skryfproses dra by tot die begrip van hierdie ingewikkelde konsep. Die term empatie is vir hierdie studie gekies, eerder as terme soos simpatie, medelye, identifikasie of inlewing, as gevolg van die unieke en omvattende bydra wat empatie as geheel, asook spesifiek tot die skryf van ’n novelle kan hê. Die ervaring van empatie beteken om te voel wat ’n ander voel en dit dra by tot ’n dieper en vollediger verstaan van die ander.

In die studie word die komplekse werking van empatie ondersoek, sodat dit in die breër konteks van die studie verstaan kan word. Daar word onder andere verwys na die ontstaan en ontwikkeling van empatie, hoe identifikasie met iemand sy/haar empatie kan verhoog asook watter rol die verbeelding kan speel as dit by die beleef van empatie kom en hoe die ervaar van empatie moontlik ’n effek op die leser se eie werklikheid kan hê. Hierdie algemene konsepsuele verkenning van empatie is uiteindelik gerig op die literêre vraagstuk wat ek in hierdie verhandeling ondersoek: Hoe kan die beginsels van empatie, vanuit sowel skryfkundige as psigologiese hoeke bekyk, effektief bewerkstellig word in die skryf van ’n novelle?

Die narratiewe beginsels gaan verder ook skryfkundig bestudeer word. Skryftegnieke wat reeds ondersoek is en in fiksie gebruik kan word en wat moontlik empatiewekking tot gevolg kan hê, word ondersoek, sodat dit prakties gestalte kan kry in die skryf van my eie novelle.

Vervolgens word die novelle as genre-vorm bespreek. Daar word spesifiek aandag gegee aan die definisie, ontstaan, ontwikkeling, kenmerke en doel van die novelle sodat aangedui kan word waarom juis die novelle as genre-vorm vir hierdie spesifieke studie aangewend word. Voorts word geselekteerde novelles bestudeer om spesifieke strategieë te selekteer vir die skryf van my eie novelle. Verder word daar aangetoon hoe empatie deel gemaak kan word van die skryfproses, deur spesifiek die novelle as genre-vorm hiervoor aan te wend. Die selfgeskrewe novelle, die opsomming en gevolgtrekking van hierdie studie toon uiteindelik wat addisioneel deur die kreatiewe skryfproses oor empatie geleer is. Die ondersoek as geheel dien daarom as ’n groot leerproses oor empatie.

Die studie sluit af met ’n refleksie oor die skryfproses van die novelle asook die uitdagings om vanuit die self en outentiek te kan skryf. Ek het uiteindelik bevind dat empatie nie slegs ’n goed-funksionerende samelewing tot gevolg kan hê nie, maar daar bestaan ook die gevaar dat uitgebrande, depressiewe individue kan ontstaan indien daar meer aandag gegee word aan die ander se behoeftes as jou eie, terwyl jy self ongesond funksioneer.

Nadat al die teoretiese elemente so goed as moontlik in ag geneem is en prakties toegepas is, kan die skrywer uiteindelik net ’n eindproduk aanbied wat iets reflekteer van waartoe hy/sy in daardie stadium, met sy/haar talent en ervaring in ag genome, in staat is. Die uitdaging van die skrywer is om ’n balans te probeer handhaaf tussen teoretiese kundigheid en eerlike skryfwerk.

Uitkoms:

Toe ek drie jaar gelede empatie as tema vir hierdie studie gekies het, was dit omdat ek self buitengewone empatie vir ander ervaar het. Empatie was iets wat daagliks deel was van my lewe en dit was ’n gegewe wat my geprikkel het en wat ek wou verstaan. Hoe gebeur dit dat ons empatie vir ’n ander ervaar en wat kan gedoen word om dit aan te moedig, was vrae wat ek myself afgevra het. Iets wat ek nie in daardie stadium besef het nie, was dat die oormatige ervaring van empatie nie goed was vir my nie. Om ander se seer en ongemak jou eie te maak, sal uiteindelik uitbranding tot gevolg hê. As jy self oorlaai voel deur ander se emosies en nie eerstens aan jou eie behoeftes aandag gee voordat jy die ander rondom jou help nie, kan dit uiteindelik net beteken dat ek en die ander uitgebrand is. Indien ek eers myself gesond hou – kan ek eerder uit ’n opregte plek die ander help indien dit binne my vermoëns lê. In die boek Bounderies: When To Say Yes, How To Say No sê Cloud en Townsend (1992:60, Kindle Edition) dat ons die selfopofferende liefde miskien verkeerd verstaan:

Do not withhold good from those to whom it is due, when it is in your power to do it” (that last phrase, “in your power,” has to do with our resources and availability). Another key Scripture here is “If it is possible, so far as it depends on you, live peaceably with all” (Rom. 12: 18 NRSV). Again, note the condition: “so far as it depends on you.

Beide dié Bybelverse dra dieselfde idee oor: ons is verantwoordelik om vir ander om te gee en te help, maar binne ons kapasiteit, soos dit vir elkeen persoonlik goed sal wees en sodat hulle steeds gesond kan bly. Ons moet eerstens aandag aan onsself skenk, sodat ons ander sal kan help sonder dat dit veroorsaak dat onsself ’n krisis ervaar.

Being created in God’s image also means having ownership, or stewardship. As Adam and Eve were given dominion over the earth to subdue and rule it, we are also given stewardship over our time, energy, talents, values, feelings, behavior, money... Without a “mine,” we have no sense of responsibility to

develop, nurture, and protect these resources. Without a “mine,” we have no self to give to God and his kingdom (Cloud en Townsend, 1992:73, Kindle Edition).

Dit is ons verantwoordelikheid om eienaarskap oor ons eie lewens te neem en uit te vind wat vir ons goed is en wat nie. Werklike liefde en omgee of empatie is veronderstel om welstand en blymoedigheid tot gevolg te hê. Liefde het geluk tot gevolg, nie depressie nie. Indien liefde ons terneergedruk laat voel omdat te veel van die self gegee word, is dit heel waarskynlik nie liefde nie (Cloud en Townsend, 1992:93, KindleEdition). Cloud en Townsend sê verder dat “Good boundaries prevent resentment. It is good to give. Make sure, however, that it is the proper amount for your situation and resources” (Cloud en Townsend, 1992:136, Kindle Edition).

Alhoewel ek aan die begin van my studie van mening was dat die ervaring van empatie net positiewe gevolge (soos ’n goed-funksionerende samelewing) tot gevolg kan hê, is dit baie belangrik dat empatie of omgee nie ervaar moet word uit skuldgevoel of omdat ons voel dit is wat van ons (of van goeie mense) verwag word nie. Maak seker dat jy eerstens eienaarskap neem van jou eie lewe, gevoelens en behoeftes voordat jy ander kan help of ondersteun, anders kan die ervaring van empatie eerder ’n depressiewe, uitgebrande samelewing tot gevolg hê.

Dit was ’n groot uitdaging om die skryfkuns binne die bestek van ’n jaar of twee voldoende te bemeester. Alhoewel ek ’n breë raamwerk van teoretiese aspekte aangaande empatie en skryftegnieke ondersoek het, beteken dit nie dat ek dit noodwendig geslaagd kon toepas nie. Skryfkuns is ’n vaardigheid waaraan geslyp moet word om dit goed te kan bemeester. Volgens my kan dit met enige ander kunsvorm vergelyk word, soos bv. om ’n musiekinstrument te bespeel. Selfs al verstaan ’n musikant al die tegniek en teorie van sy/haar instrument, beteken dit nie noodwendig dat hy/sy ’n suksesvolle uitvoering sal kan lewer nie. In hierdie stadium is ek soos iemand vir wie die teorie geleer is en dadelik ’n uitvoering wil gee. Ek het tot die insig gekom dat empatiewekking nie net daaroor gaan om ’n paar tegnieke toe te pas nie, maar juis dat alle elemente deel uitmaak van ’n geslaagde skryfstuk.

Dit is verder ook moeilik om op ’n eerlike manier te skryf as tegnieke en skryfelemente die heeltyd in jou agterkop maal. Dalk is dit nodig dat daar uit ’n diep plek geskryf word, eerder as om deurentyd besorg te wees oor hoe dit gedoen moet word. Indien die skryftegnieke die fokus is, kan die opregtheid dalk uit die skryfproses geneem word – iets wat moontlik essensieel is. Hierdie aspek was ook reeds deel van die studieleiers se kommentaar aan die begin van die studie.